**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**DANS HG**
**(Eerste Vraestel: Geskiedenis en Musiek)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 140**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.

AFDELING A
**DANSGESKIEDENIS**

**VRAAG 1**

1.1 Skryf ? **brief** aan jou penmaat in Kenia oor die opwindendste dansproduksie wat jy in die afgelope drie jaar (2004 – 2006) gesien het. Moenie enige inligting uitlaat nie, want hy/sy sal graag oor elke aspek wil lees van dit wat jy gesien het! Beplan jou brief volgens die riglyne hieronder.

Neem kennis:

Die lewende dansproduksie (Vraag 1) moet verskil van die voorgeskrewe danswerke (Vraag 6).

**Paragraaf 1**: (3)

- Titel van die danswerk
- Dansers (naam van geselskap of groep en hoofkunstenaars)
- Datum (maand, jaar) en plek (saal, stad) waar dit plaasgevind het

**Paragraaf 2**: (3)

- Choreograaf/choreograwe
- Stel- en kostuumontwerper(s)
- Persone wat vir die musiek verantwoordelik was: komponis(te) of uitvoerder(s)

**Paragraaf 3**: (3)

- Kort beskrywing van die inhoud of storielyn
- Choreografiese styl
- Die toepaslikheid van die werk in Suid-Afrika vandag

1.2 Tydens die Julievakansie was jy op ? toer deur Europa. Jy het die wonderlikste dansgeselskap sien optree en jy wil graag alles onthou wat jy oor hulle gesien en gelees het. Skryf al die inligting oor hulle in jou toerdagboek neer.

1.2.1 ? Kort geskiedenis van die dansgeselskap en hulle artistieke bestuur (2)

1.2.2 Hulle huidige repertoire (TWEE danswerke) (2)

1.2.3 EEN hoofdanser van die geselskap (1)

**[14]**

**VRAAG 2**

2.1 Jy het ? familielid wat fisiek gestremd is, maar geïnteresseerd is om deel te neem in dans. Vertel jou familielid van TWEE van die bestaande geselskappe in Suid-Afrika wat hy/sy kan kontak. Verskaf genoeg inligting om hom/haar aan te moedig om die telefoonoproep te maak. (6)

2.2 Jy beplan die viering van Nasionale Vrouedag by die plaaslike winkelsentrum. Skryf idees neer oor hoe jy sosiale aspekte soos vroue- en kindermishandeling, familiebeplanning, dwelm- en alkoholmisbruik en MIV/Vigs deur middel van beweging, danswerke, kostuums, musiek en rekwisiete kan aanspreek. (8)

**[14]**

**VRAAG 3**

Jy moet ? advertensie in die koerant plaas oor VIER verskillende dansposte wat in jou nuutgestigde dansdepartement gevul moet word. Skryf die titels van die VIER vakante poste neer asook TWEE vaardighede vir ELKE pos waaroor aansoekers moet beskik wanneer hulle aansoek doen. **[12]**

**VRAAG 4**

4.1 As een van die dansers in Graad 12 wat gereeld optree, is jy genader om jou gunsteling dansvorm aan die Graad 8-leerders tydens ? Kuns en Kultuur-periode bekend te stel. Kies EEN van die dansvorms in die onderstaande tabel en skryf die styl duidelik as ? <u>opskrif</u> in jou antwoordboek neer. Maak dan ? lys van al die <u>beginsels</u> wat hierdie dansvorm onderskryf. Jy mag van <u>sketse</u> gebruik maak om jou aanbieding toe te lig. (8)

| | | |
|---|---|---|
| Afrika-dans | Danskomposisie (choreografie) | Jazz-dans |
| Ballet | Volksdans (Nasionale karakterdans) | Latyns-Amerikaanse Dans |
| Baldans | Griekse dans (Ginner-metode) | Spaanse dans |
| Kontemporêre dans | Indiese dans (Bharatha Natham/Kathak) | Klopdans |

4.2 Verduidelik verder aan die Graad 8-leerders waarom hierdie dansvorm vandag belangrik is. Fokus op die relevansie van die dansvorm in die samelewing en wat die dansvorm vir jou persoonlik beteken. Sluit jou aanbieding af deur ? video te vertoon van ? professionele danser in hierdie styl. Identifiseer die danser. (4)

**[12]**

## VRAAG 5

As die dansverslaggewer vir e-TV, moet jy TWEE choreograwe, een van die Verenigde State van Amerika en een van Suid-Afrika, tydens die FNB Danssambreelfees by die Dance Factory bekendstel. Berei jou inset vir die lewende televisie-uitsending voor, deur notas te maak oor elkeen se loopbaan, prestasies en danswerke.

5.1 Eerste Choreograaf – van die Verenigde State van Amerika (7)

5.2 Tweede Choreograaf – van Suid-Afrika (7)

**[14]**

## VRAAG 6

Bestudeer die lys danswerke hieronder sorgvuldig. Kies TWEE danswerke waarin die tema van **verraad** prominent voorkom. Motiveer waarom jy die twee werke gekies het deur kortliks na elemente van verraad in die storielyn van elk te verwys. Vergelyk die werke verder volgens die historiese konteks en die choreografiese styl.

| | | |
|---|---|---|
| *Bessie's Head* | *Gula Matari* | *Swanemeer* |
| *Giselle* | *Revelations* | *Tranceformations* |
| | *Die Ritus van die Lente* | |

**[14]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [80]**

AFDELING B
**MUSIEK**

## VRAAG 7

7.1 Skryf ? viermaatfrase met korrek gegroepeerde note in saamgestelde tweeslagmaat. (4)

Bestudeer die aangehegte partituur ***Lost Your Head Blues*** op bladsy 9 noukeurig.

7.2 Dui die tydmaatteken 'n enkelvoudige of saamgestelde tydsoort aan? (1)

7.3 Verduidelik die volgende terme soos wat dit in die partituur voorkom.

7.3.1 Tonika
7.3.2 Subdominant
7.3.3 Dominant (3)

7.4 Uit hoeveel mate bestaan ? "Blues" gewoonlik? (1)

7.5 Wat dui die syfer "3" in die eerste maat aan? (1)

7.6 Is hierdie musiek instrumentaal of vokaal? (1)

7.7 In watter maat kom 'n *acciaccatura* voor? (1)
**[12]**

## VRAAG 8

Skryf die letter van die antwoord neer wat die sin die beste voltooi.

8.1 ? Trompet is ? ________.

A. kordofoon
B. membranofoon
C. aërofoon
D. idiofoon (1)

8.2 ? Voorbeeld van ? idiofoon is ? ________.

A. penniefluitjie
B. boogharp
C. mbira
D. sopraan (1)

8.3 Die laaste seksie in musiek word soms die _________ genoem.

A. *fine*
B. *allegro*
C. *presto*
D. *coda* (1)

8.4 In watter een van die volgende seksies van die orkes word simbale aangetref?

A. Perkussie
B. Houtblasers
C. Koperblasers
D. Strykers (1)

8.5 Bongos is ________.

A. idiofone
B. membranofone
C. aërofone
D. kordofone (1)

8.6 "Dansertellings" kan gedefinieer word as ________.

A. die eerste pols in elke tweede maat
B. die eerste pols in elke maat
C. die eerste en tweede pols van elke maat
D. die laaste pols van elke maat (1)

8.7 Vorm in musiek word geassosieer met terme soos ________.

A. herhaling en kontras
B. hoog en laag
C. hard en sag
D. vinnig en stadig (1)

8.8 Vir watter vorm is ABACADA ? skema?

A. Tweeledige vorm
B. Drieledige vorm
C. Variasievorm
D. Rondovorm (1)

8.9 Watter soort toonhoogte het ? sopraan?

A. Laag
B. Baie laag
C. Middel
D. Hoog (1)

8.10 Van watter groep instrumente vorm sintetiseerders deel?

A. Aërofone
B. Houtblasers
C. Elektronies
D. Orkestraal (1)

8.11 *Diminuendo* het dieselfde betekenis as ________.

A. *forte*
B. *allegro*
C. *piano*
D. *decrescendo* (1)

8.12 Die meeste dansmusiek bestaan uit frases van ________ mate.?

A. agt
B. sewentien
C. veertien
D. sewe (1)

**[12]**

**VRAAG 9**

Kies EEN van die onderstaande musiekstyle. Skryf die naam van die styl duidelik as ? opskrif neer in jou antwoordboek. Skryf kort aantekeninge oor die gekose styl vir die skooljaarblad. Verwys na algemene kenmerke van die styl, beroemde persoonlikhede wat met die styl geassosieer word (komponiste, uitvoerders, skilders, skrywers), musiek- en danswerke wat gedurende die tyd ontstaan het en tipiese kenmerke van die musiek.

- Afrikanisme
- Romantisisme
- Nasionalisme
- Impressionisme **[12]**

**VRAAG 10**

*Sewende Laan* gaan binnekort tot ? einde kom en die SABC het jou gevra om die lewens, musiekloopbane en bydraes van TWEE komponiste na te vors vir moontlike karakters in ? nuwe sepie. Skryf kort aantekeninge oor die TWEE komponiste van dansmusiek wat jy nagevors het. Verwys na hul loopbane en bydraes tot die musiekrepertorium. **[12]**

**VRAAG 11**

Bestudeer die dansvorms in die blok hieronder.

*Barcarolle, Bolero, Cha-cha, Charleston, Flamenco, Jakkalsdraf, Galop, Habañera, Kwela, Mambo, Masurka, Mbaqanga, Menuet, Polka, Polonaise, Ragtime, Rumba, Samba, Tango, Tarantella, Wals*

Kies DRIE danse uit die keuses hierbo. Kopieer en voltooi die tabel in jou antwoordboek.

| Danstipes | Land van Herkoms | Tyd-soortteken | Tempo-aanduiding | Die gebruik van elke danstipe in die klassituasie |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | |
| 2 | | | | |
| 3 | | | | |

**TOTAAL VIR AFDELING B: [12]**
**[60]**

**TOTAAL: 140**

***LOST YOUR HEAD BLUES***




**EINDE**